VAN ONS SUSTERS

Oktoberfees

Program Saterdag 27 Oktober 2018

Alle gebak en ander produkte kan afgedra word vanaf 08:00.
Ds. Ronald Bain open die verkoping om 08:45 met Skriflesing en gebed. Ons begin amptelik verkoop om 09:00.
Verkoping sluit om 12:00

Kan jy dalk help met die volgende?

- **Beskuit vir die koektafel**
  Ons tafel met die gebak het te min beloftes vir beskuit gekry. Beskuit is altyd 'n topverkoper. As jy 'n lekker resep het waarvan jou man hou, bak, verpak en bring asseblief.
  Kontak **Amanda du Plessis** (082 444 2319) of **Ina Steyn** (073 886 3298) met enige navrae.

- **Hulp by die hamburgers**
  Mietsie Harman (079 930 9824) benodig nog 'n helper by die hamburgers. Die braaiers is gelukkig genoeg. Dankie byvoorbaat manne – sonder julle is daar niks.
- **Vroegoggend hulp**
  Ons hang vlaggies oral op om die terrein mooi feestelik te laat lyk. Ons benodig 2 manne om vanaf 07:00 ons vlaggies op te hang. Kontak vir **Karin Bain** (082 532 1620) as jy hiermee kan help.
- **Adverteer ons verkoping**
  Ons het hard gewerk en gereël, nou kort ons mense wat kom. Hoe sê 'n mens? Voete. Voete wat kom kuier en kom koop. Nooi asseblief almal wat jy ken uit. As jy nie hier kan wees nie, vra iemand om in jou plek te kom.

Speelgoedtafel
Van poppe tot blokkies tot legkaarte – ons het 'n hele tafel met tweedehandse speelgoed. Vertel al die ma's wat jy ken en nooi hulle uit.

Die tafels is gedek en daar is koffie en tee in die saal.
Dit is 'n wonderlike geleentheid om gesellig te verkeer.
Ons vra dat nuwe lidmate ook kom om kennis te maak
Susters van wyke A1 en A2 versorg vandag die tee en koffie

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 34, nr 34 Sondag 21 Oktober 2018
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600** **Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
Hulpprediker: Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Koster Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte: Ouderlinge: **Nico Malan** B4 **Paul Schutte** B5, diakens wyke B4 **Jan de Vos** en B5 **Terence Kent.**
Teeskink na die erediens: Susters van wyke **A1 en A2**. Wyksusters is **Margaretha Kirsten en Jana van Ryssen.**
Diens by Huis Eikelaan om 15:30: Ouderlinge is **Koos Theron wyk E3** en **Frans Drijfhout wyk E4**
Bussiediens: Vandag ry **Andries de Klerk** 084 440 1661
Sondag **28 Oktober** ry Gert Kruger 072 314 5534

Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Ronald Bain

OGGEND: Skrifgedeelte: Nehemia 2:11-20
Fokusgedeelte: Nehemia 2:17,18
TEMA: ***Die kerk word geroep om te bou***
SING: Psalm 94: 1, 7, 8, 12: Psalm 130: 1, 2: Psalm 48: 4, 5;
Skrifberyming 45: 1 - 3, 12 (Tema 18 - 7)

AAND: Skrifgedeelte: 1 Korinthiërs 1: 17 - 31; Mattheus 11: 20 - 24
Fokusgedeelte: 1 Korinthiërs 1: 18. **Dordtse Leerreëls 3 & 4: 8, 9**
TEMA: ***Die evangelie is die krag van God***
SING: Psalm 138: 1, 2, 4; Psalm 121: 1 – 4;
Psalm 33: 5, 6

HERVORMINGSDIENS GK Die Bult
Ons **gesamentlike hervormingsdiens** sal DV volgende Sondagaand om 18:00 plaasvind onder toesig van **GK Cachet** se kerkraad. **Die diens word in die kerkgebou van Potchefstroom Die Bult gehou.**

Dagboek

22 Okt: **Beplannings-kommissie 18:30**
27 Okt: **SUSTERS SE VERKOPING**

MATRIKULANTE

Die volgende jong lidmate in ons gemeente begin met hulle matriekeksamens.

Coetzer Stoop, Botha du Toit, Danie Walker en Kenneth Bain.

Ons wens hulle baie sterkte toe. Mag die Here se seën op hulle werk rus.

LIEF EN LEED

GEBOORTE Ons is baie dankbaar saam met Orrie, Elaine, klein Orrie en Bea Oosthuizen met die geboorte van hulle dogtertjie en sussie, **Hannah.** Elaine en Hannah is intussen ontslaan uit die hospitaal en dit gaan met beide van hulle goed. ☎ 082 871 9007



Miriam Coetzee ☎ 082 801 1510 is die week ook ontslaan uit Mooimed. Ons dink aan haar in ons gebede.

Karel Marais ☎ 082 899 4573 het die afgelope week 'n operasie in Mediclinic ondergaan en ons vertrou dat hy vinnig ontslaan sal word om tuis aan te sterk. Ons bid vir hom en Suzie sterkte toe.

HUWELIKBEVESTIGING Casper Dreyer en Marlene Naudé is gister in die huwelik bevestig. Ons wens hulle 'n baie geseënde toekoms toe. Ons dra hulle aan die Here se troue sorg op vir die pad vorentoe.



GEMEENTEKAMP

Dankie aan almal wat lekker saam gekuier het by Takwasa. Johan du Plessis, Karin en ds. Ronald het 'n baie lekker kamp gereël.

Foto's sal volgende week in *Op die Kerkwerf* wees.

VAN ALLES EN NOG WAT

KOLLEKTES: Vandag en volgende Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. By die deure vanoggend vir **Bybelverspreiding.**

Die kollekte vanaand by deure is vir **instandhouding van die erediens**.

Volgende Sondag se kollekte die oggend vir die Thusofonds. Die fonds is om die emeriti uit die jonger kerke te help versorg.

Jongmense

Koffiedrink vir alle jongmense na die aanddiens. Dit gaan baie lekker wees en bied 'n geleentheid vir almal om mekaar te leer ken. Vir enige navrae kontak Willem van Heerden op 076 450 0562.

GKSA BEROEPENUUS

BEROEPE ONTVANG

- Proponent JN Hibbert (Josef) na Pietersburg-Noord
- Ds RJ Pretorius (Rynhardt) van Buffeldoorns na Benoni as medeleraar

FOTOBORD Nuwe lidmate word gevra om na die diens na die saal te kom vir die neem van 'n foto vir die fotobord. **Melissa Kent** sal die foto's neem

Oktoberfees

Vleistafel

Ons het 'n rooibok en halwe waterbok as 'n skenking gekry. Johan Viljoen is 'n bobaasslagter. Hy gaan wors en patties hiervan maak en verpak. Wees verseker hy gebruik nie vark- of skaapvet in sy produk nie. Elke vleispakkie sal R35 kos en sal by die luik van die kombuis verkoop word.

Teetuin

Die Ou Kerkie se deure word weer oopgemaak vir 2018 se Oktoberfees. Onthou dié kerkgebou is al in 1867 gebou en is heel moontlik die oudste gereformeerde kerkgebou, noord van die Vaalrivier. Daar is 'n gesellige atmosfeer en die heerlikste koffie en koeke.

Op die tafels gaan houers wees vir jou bronsgeld. Ons skop af met die **Koperpennie-projek** om geld in te samel vir houtbankies. Bring al jou sente saam asseblief.

GESAMENTLIKE SUSTERSAFSLUITING
6 November 2018 om 18:30 te Potchefstroom-Oos
TEMA: *Ons gee om*

Hulle vra dat elkeen wat die geleentheid gaan bywoon, 'n geskenkie saambring in die vorm van persoonlike benodigdhede. Almal wat na die Gesamentlike Sustersafsluiting toe wil gaan, moet voor volgende Sondag vir Karin hulle name stuur. Daar is ook 'n lys agterin die saal waarop jy jou naam kan invul.

KATEGESE
Vandag moet julle **Les 25** en **Psalm 71: 14** ken.
Maandag lees *Laat my lammers wei* Hoofstuk 64
Volgende Sondag is dit die oorhandiging van die Kategesesertifikate

---

BYBELSTUDIES Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:



Huis Eikelaan om 15:00 op Dinsdae
Jongmense om 18:30 op Woensdae in Jeugkamer.
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 in konsistorie.
Donderdagaande om 18:30 in konsistorie.

VERGADERINGS in Oktober:
22 Oktober: **Beplanningskommissie** vergader om 18:30 in kantoor
23 Oktober: **Eiendomskommissie** vergader om 18:00 in kantoor
24 Oktober: **Kategesekommissie** vergader om 17:15 by pastorie
27 Oktober: **SUSTERS SE JAARLIKSE VERKOPING**
28 Oktober: **Kerkraadsvergadering om 16:00 in kerksaal**
29 Oktober: **Diakonie** vergader om 18:00 in kerksaal
5 November: **Gemeentebladkommissie** om 17:30 te Nieuwestraat 16.

ATTESTAAT

Attes ontvang vanaf die Gereformeerde Kerk Cachet: **Frederick Johannes Reynecke** (Erick). Hy woon op 'n plaas by Oude Dorp. Hy is in wyk D1 met ouderling Tom Chambers, diaken Theunie Chamberlain en wyksuster Cornelia Chambers. ***Baie welkom in ons gemeente!***

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Ons wens doop- en belydende lidmate wat gedurende dié week verjaar baie geluk met jou verjaardag:

22 Okt **Susan Botha,** Rivierstraat 49, ☎ 018 294 7655. Wyk B5
Tjaart du Plessis, Wilriepark 2, ☎ 082 628 8107. Wyk B2
Jaco Harding, Konawoonstel 3 ☎ 071 302 5209. Wyk B6
Lola Kruger, Huis Anna Viljoen, ☎ 083 867 3652. Wyk B5
23 Okt **Nandi Claassen,** Kiepersolwoonstel 5. Wyk E2
26 Okt **Lalie Venter,** Huis Eikelaan TB 414, ☎ 018 294 6515. Wyk B3
27 Okt **Malie Wyma,** Spruitstraat 76, ☎ 072 373 7361. Wyk A1

VAN ONS DIAKONIE

Die kollektes vir **Barmhartigheid** van Sondag 14 Oktober was R 4 090 en die kollekte vir die Emeritaatsfonds was R 2 010.
Inkomste en uitgawes vir September 2018:
Inkomste was R 29 120. **Uitgawes** R 33 417. 'n **Tekort** van R 4 297.
Saldo in die bank is R 25 007.
Ons uitgawes die afgelope paar maande is meer as wat ons ontvang.
Ons doen 'n beroep op ons lidmate om mildelik by te dra.

DIAKONIE SE KOSKAS

- Dis koue is weg, die tee word sleg
- Die skottelgoed is vuil, ons het die seep verruil.

Die energie is dun, want die pasta is te min.
Skryf asseblief hierdie op u inkopielys:

- **Skottelgoedseep • Toiletpapier • Pasta • Beskuit**
- **Aanmaakkoeldrank**

Ons het baie tee, rys en mieliemeel. Baie dankie aan almal vir die bydraes.

Die nuwe Totius-Akademie

Vanaf Januarie 2019 bied Totius-Akademie 'n kleuterklas (**Graad RR en R**) aan. Ouers wat belangstel, kan die skool skakel of 'n bekendstelling op **Woensdag, 24 Oktober 2018** (17:00 - 19:00) bywoon.
Totius-Akademie het ook nog plek vir **Graad 1- en 2-leerders**. Die bekendstelling eerskomende Woensdag fokus ook op hierdie twee klasse. Belangstellendes word daarheen uitgenooi. Laerskoolleerders se toelating is onderhewig aan 'n skoolgereedheidstoets/psigometriese toets.
Die skool het onlangs twee nuwe onderwyseresse met baie jare se ervaring aangestel vir die kleuterklas en grondslagfase - beide Gereformeerde lidmate.
Totius-Akademie is 'n geregistreerde privaatskool wat fokus op Christelike onderwys van hoë gehalte.
Die skool is geleë op die Bult (skuins oorkant Noordbrug-poskantoor).
Foon: 018 294 4800 /072 411 1175
E-pos: PCO@totiusakademie.co.za.
Inligting ook beskikbaar op die skool se Internet-webwerf en Facebook-blad.